



*‘n 1c beteken nie veel in vandag se lewe nie...of doen dit? In Matteus 6:26 lees ons om na die voëls te kyk, hulle bêre nie kos in skure nie, tog is hulle nooit honger nie. God sorg dat hulle elke dag genoeg het om te eet. Ons is baie meer werd vir God as al die voëls in die hemel. In Matteus 10:29 staan: “Is twee mossies nie vir ‘n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.*

Die volgende storie is per WhatsApp vir my gestuur, ek deel dit graag:

Die storie ontvou so 100 jaar gelede in ‘n konsentrasiekamp. Anette Marais sit op ‘n stomp en skud die stof van haar verslete klere af. Om haar sit vroue, bekende gesigte...hulle is moeg. ‘n Paar meter verder is ‘n hoë draad. Dit skei hulle van die lewe daar buite. Hulle is vassekeer in die konsentrasiekamp.

Anette het in die donker ure van die nag met God geworstel en Hom gesmeek vir ‘n boodskap van hoop om die vroue te bemoedig, want wie weet hoe lank nog...

Sy maak die Bybel oop en begin die woorde van Matteus 10:29 lees. – “Is twee mossies nie vir ‘n sent te koop nie, en tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.”

Terwyl sy besig is om die woorde te lees, kom sit ‘n vaal klein mossie op haar skouer. Die groepies vrouens staar met verbasing na die mossie en so word dié voëltjie ‘n teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasiekamp in Bethulie.

In die maande wat gevolg het, het mossies ‘n baken van hoop geword. Die vroue kon op 21 Mei 1902 uit die konsentrasiekamp stap. Die oorlog was verby. Anette het op pad na haar huis die mossie-boodskap vir ‘n vrou met invloed oorvertel. Sy het dit weer vir generaal Jan Smuts vertel en so het die mossie in 1923 op die land se kleinste muntstuk (kwartpennie) verskyn.





## Kniewerk

- ✝ Ons innige meegevoel met Suzaan Bentham en gesin met die afsterwe van haar moeder, Marda Kok, die naweek.
- ✝ Voorbidding vir Bobbie Dippenaar vir gesondheid, het operasie ondergaan en tans in hospitaal. Gaan goed met hom.
- ✝ Voorbidding vir Elsabé Dreyer, ernstig siek.
- ✝ Ons bid vir ds. Petrie vir sy geestelike videoboodskap.
- ✝ Ons bid vir almal wat terug is werk toe en die wat wag om weer te begin werk.
- ✝ Ons bid vir werkseleenthede en geleenthede vir elkeen wat werk soek.
- ✝ Ons bid vir ons regering, die president, die medici en almal en 'n kuur vir die virus.
- ✝ Ons bid vir elke liewe lidmaat in dié tyd van onsekerheid.
- ✝ Ons bid vir almal wat siek is of in die hospitaal is.



### MATTEUS 10:26-31 AFR83

<sup>26</sup> “Moet dus nie vir mense bang wees nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie.

<sup>27</sup> Wat Ek vir julle in die donker sê, moet julle in die daglig sê, en wat in julle oor gefluister word, moet julle van die dakke af uitbasuin. <sup>28</sup> Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan. <sup>29</sup> “Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. <sup>30</sup> Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. <sup>31</sup> Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

## Die kerk is vir nou gesluit, maar ons werk gaan aan




Hoewel ons kerk, Lourensrivier Gemeente, se deure gesluit is, is kerk waar ek en jy is. Ds. Petrie en die kantoorpersoneel werk nou op 'n nuwe manier om ons lidmate te bereik.

In dié tyd van inperking is ons gemeente nou meer as ooit afhanklik van ons familie, ons lidmate se finansiële bydraes. Oorweeg dit asseblief om steeds dankoffers, deuroffers en maandelikse bydraes elektronies te doen of om van die Zapper selfoon toepassing gebruik te maak.

### Bankbesonderhede

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier  
Bank: ABSA Bank STRAND  
Rekeningnommer: 420 580 231  
Takkode: 334 312  
Verwysing: Naam,  
dankoffer/deuroffer/maandbydrae



## KERKWEES IN 'N TYD VAN CORONA-19

**Kantoor (gesluit tot verdere kennisgewing) – ons werk van die huis af so kontak ons gerus!**

Ds. Petrie 073 166 1306 e-pos: [petrie@lourensrivier.co.za](mailto:petrie@lourensrivier.co.za)  
Riata 082 560 5283 e-pos: [admin@lourensrivier.co.za](mailto:admin@lourensrivier.co.za)  
Charlene 082 384 4037 e-pos: [fin@lourensrivier.co.za](mailto:fin@lourensrivier.co.za)

### Eredienste:

'n Kort geestelike boodskap sal elke Vrydag voor 13:00 op Youtube, Facebook en die kerk se webblad gelaai wees.

### Maandag – Vrydag manna:

Ons deel elke weksdag 'n kort foto boodskap om te lees en te oordink, soos uit Oordenkings vir lidmate. U is welkom om dit met vriende en familie te deel.

**Donderdag Nuuskrummels:** Dié nuusbrief word elke Donderdag per epos uitgestuur.

### Facebook:

Ons deel 'n verskeidenheid hulpbronne vir gesinne en individue oor die virus self op Facebook, asook riglyne en idees om te sorg vir ons geestesgesondheid in uitdagende tye soos die.

### Offergawes:

**Ons is dankbaar vir elkeen wat tot nou toe nog 'n bydrae kon maak. Baie dankie!!**

'n Laaste woord:

### Hou aan bid:

Bly bid vir ons land, sy mense en regering, die medici, versorgers en elke persoon wat 'n noodsaaklike diens lewer. Ons bid ook vir elke persoon wat siek is, wat met di virus gediagnoseer is en vir die mense wat alleen is in die tyd. Weet dat ons vir julle bid en beskikbaar is waar nodig. Mag julle in hierdie tyd elke dag God se genade en nabyheid ervaar!  
Groete, Petrie, Charlene, Riata en Wessel.

# GEBEDE VIR PINKSTER

## GEBED VIR PINKSTER

(Vyfde week van Pase 11-16 Mei)

1 Petrus 2:2-10

### Lewe met geestelike volwassenheid

Here, ek begeer om meer en meer geestelik volwasse te word.

Voed my asseblief met suiwer geestelike melk.

Maak my soos 'n honger babatjie wat al meer soek na vaste kos - U Woord!

Laat ek daardeur geestelik groei en as't ware proe hoe goed U vir my is.

Dankie Jesus, dat U my nooit aan myself oorlaat nie, maar dat U die lewende steen is waarop my lewe en geloof gebou word.

U stel ons nooit teleur nie.

Here, help my om'n lewende en aktiewe lid in u diens te wees.

Dankie dat U my u eiendom gemaak het.

U het my geroep uit die duisternis na u wonderbare Lig.

Help my om deur u krag en genade 'n ligdraer van u liefde te wees.

Dankie Here Jesus, vir u liefde.

### BELOFTE

As ons soos pasgebore kindertjies smag na die suiwer geestelike melk van God se woord, sal dit ons geestelik volwasse maak. Ons sal ook die goedheid van die Here ondervind.

# Aanhaling van die week:

Psalm 121:

Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Die berg wat wegkruip in mense se groet en vat en menswees. Die berg wat vingermerke maak op winkeltrullies en die rakke daar binne leeg koop. Die berg wat angs en paniek en onsekerheid in mense se harte gaan bête. Die berg wat wagstaan voor die hospitaal en keer dat geliefdes by 'n hart-se-mens kan uitkom. Die berg wat 'n wêreld se ekonomie met een hand stop. Die berg wat skole se deure toemaak en lag-lag voor my kerk se hek gaan sit. Die berg wat bejaardes weerloos laat en hulle bang in hulle huise laat wegkruip. Die berg wat besighede sluit en gesinne sonder kos laat. Die berg wat paaie toemaak en 'n hele land se mense in hulle huise injaag. Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het.

Waar sal my hulp vandaan kom? Wie gaan my help om verby hierdie berg te kom?

My hulp is van die Here wat hemel en aarde gemaak het. My hulp is van Hom wat die son elke oggend wakker maak en vir die maan sê hoe laat hy moet gaan slaap. My hulp is van Hom wat vir die see 'n lyn in die sand trek, en vir die branders sê waar hulle mag breek. My hulp is van Hom wat die berge in die palm van Sy hand balanseer. Van Hom wat vir die swaeltjie genoeg krag gee om te trek wanneer dit nodig is. My hulp is van Hom wat die Klipspringertjie help om op die rotse te balanseer. My hulp is van Hom wat weet wat my naam is, wat my hart se bang en onsekerheid ken, wat weet waar ek bly en waar ek wegkruip. My hulp is van Hom wat die hemel en die aarde en vir my met soveel liefde en sorg gemaak het.

Dit is Hy wat die vliegtuie en die skepe stop, sodat die aarde weer kan asemskip. Dit is Hy wat horlosies se tyd laat stilstaan, sodat mense weer kan leer om te wees, en nie net om te doen nie. Dit is Hy wat mense een vir een onder een dak bymekaar maak, en hulle daaraan herinner dat hulle 'n gesin is. Dit is Hy wat die roetine en gejaag wegvat, en kinder-laggies om 'n bordspeletjie laat baljaar. Dit is Hy wat mense leer om mekaar weer in die oë te kyk en te gesels. Uit die hart uit te gesels.

Dit is Hy wat Sy kerk na mense se huise toe vat, sodat almal Sy Woord kan hoor - nie net op 'n Sondag nie, maar elke dag. Dit is Hy wat die boodskap van Hoop sag en stil van een huis na 'n ander oordra. Dit is Hy wat seker maak dat gesinne weer saam bid en Bybel lees. Dit is Hy wat die duisende slagoffers wat oorweldig word deur die berg, stil in Sy arms toevou en hulle verseker dat Hy hulle nooit sal los nie. Dit is Hy wat vir ons gesê het dat ons dit in hierdie wêreld nie altyd maklik sal hê nie. Dit is Hy wat belowe het dat Hy by ons sal wees - vandag, more, totdat ons vir altyd by Hom gaan bly.

Ek kyk op na die berg wat so stil-stil in my wêreld kom staan het. Wie gaan my help om verby hierdie berg te kom? My hulp is van die Here. Nou en vir altyd.

Amen.

(Geleen)

Die Helderberg Bikers 4 Charity reik uit na mense in ons gemeenskap. Hulle het die nodige dokumentasie en permitte om hulp te verleen. Ondersteun die aksie gerus. Mense kan kos donasies maak by Spar op die hoek van Broadway Boulwvard en Da Gamastraat, reg oorkant ons kerk of kontant oorbetaal. Kontak hulle gerus.



**Helderberg Bikers 4 Charity** is 🥰 feeling inspired.



15 April at 14:43 · 🌐

Dear Helderberg Friends

#HELDERBERGBIKERS4CHARITY WOULD LIKE TO HELP WITH THE BIG NEED FOR #FOODPARCELS IN THE #HELDERBERG DURING THE #LOCKDOWN. IF ANYONE WOULD LIKE TO ASSIST, DONATE OR GET INVOLVED, PLEASE CONTACT US, LIKE AND SHARE THIS POST.

**We thank Hein and Conan of My SPAR who are already involved.**

➔ Banking details & list of products underneath

➔➔ Official letter is also available on this page for more information.

➔ Hier is 'n volledige lys van produkte wat geskenk kan word.

Die trollie vir skenkings is beskikbaar by My SPAR, h/v Broadway Boulevard en Da Gamastraat.

**Bank Details:**

Helderberg Bikers for Charity  
Standard Bank, Helderberg Branch

Acc no : 036582042

Code : 033012

email : maraiscoen@gmail.com

Contact: Coen Marais

063 028 0708 (Whatsapp)

Lys van benodighede soos ingesluit in Standaard Kospakkie	
Koffie	Stock blokkies
Tee	Sout/Speserye
Suiker	Rys
Visolie	Pasta
Koekmeel	Pakkies Sop
Yeast	Split Peas
Mieliepap	Konfyt
Oatspap	Bovril
Long Life Melk	6 eiers
Bakebeans	Vars Brood
Blikkie gemengde groente	Koekie Seep
Blikkie tamatie en uiesmoor	Tandepasta
Blikkie Vis	Vars Groente
Blikkie beef	Vars Vrugte
Soya mince	Maalvleis

beter toeganklikheid

beter funksionaliteit

ons NUWE

**webblad**

is LEWENDIG

**729AM**  
RADIO CAPE PULPIT  
IN KAAPSE KANSEL

[www.capepulpit.co.za](http://www.capepulpit.co.za)

# Geestelike Video-boodskappe: Ds. Petrie



**Sondag 03 Mei**

**Video boodskap**

<https://www.youtube.com/watch?v=pUa0Prgq-AM>

**Geskrewe boodskap**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_2v18-25.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_2v18-25.pdf)

**Sondag 26 April**

**Video Boodskap:**

<https://www.youtube.com/watch?v=d5LEiVf8F0k&fbclid=IwAR2KqwwIVKXZBNTp88gHcSVZYTAFrfOPisNKZgPAb9mMlxYhetpwJzIbZdl>

**Geskrewe Boodskap**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_1v17-23.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v17-23.pdf)

**Sondag 19 April:**

**Video-boodskap:**

[https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRiYiKbGoAVWSdivAExp\\_J\\_ZqIUauWmR6-BSx13umqVI](https://www.youtube.com/watch?v=AtZEKvbljO8&fbclid=IwAR0cnDlqAbBvNJaRiRiYiKbGoAVWSdivAExp_J_ZqIUauWmR6-BSx13umqVI)

**Geskrewe-boodskap:**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/1\\_Pet\\_1v3-9.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/1_Pet_1v3-9.pdf)

**Sondag 12 April - Paasfeesboodskap**

**Video-boodskap:**

<https://www.youtube.com/watch?v=DpBxPZIXYCU&t=7s>

**Geskrewe-boodskap:**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh\\_20\\_Paasfees\\_12\\_April\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Joh_20_Paasfees_12_April_2020.pdf)

**Vrydag 10 April – Goeie Vrydag**

**Video-boodskap:**

<https://www.youtube.com/watch?v=kGQtludZ7W0&t=108s>

**Geskrewe-boodskap:**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes\\_52v13-53v12\\_-\\_Goeie\\_Vrydag\\_10\\_April\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Jes_52v13-53v12_-_Goeie_Vrydag_10_April_2020.pdf)

**Sondag 5 April**

(Video is verwyder, sal later weer opgelaai word)

**Geskrewe-boodskap:**

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat\\_21v1-11.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Mat_21v1-11.pdf)

# Geestelike Video-boodskappe: Ds. Bas Peters



Sondag 29 Maart 2020

Video verwyder – sal later opgelaai word

[https://www.lourensrivier.co.za/images/27\\_Maart\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/27_Maart_2020.pdf)

Sondag 22 Maart 2020

<https://www.youtube.com/watch?v=-lkPtfXaQjM&t=6s>

[https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar\\_is\\_God\\_met\\_corona\\_virus\\_2020.pdf](https://www.lourensrivier.co.za/images/Waar_is_God_met_corona_virus_2020.pdf)

## VIDEO BOODSKAPPE TIJANE VISSER – LIFELINE YOUTH




<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2471590529819546/>



<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/306790579044355/UzpfSTwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjEyNDc2MjQyMjU2MjU3/>



<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1112247929136933/>



<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2553854564897562/UzpfSTwOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMjAzNDYyNTc2NDk2OTU3/>



<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/1846330268835861/>





<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/videos/2878453418916592/UzpfSTewOTg2NzkwNTg1MDQzNToxMTkxNDUxOTc0MzU4Njg0/>

## **VIDEO BOODSKAPPE CONSTANT VARLEY – LIFELINE YOUTH**



<https://www.facebook.com/watch/?v=217312626216227>

## **VIDE BOODSKAPPE ADRIAAN LAMBRECHTS**



<https://www.facebook.com/ChooseALifeline/videos/838826366640430/UzpfSTE3MDA5NzE5MDAxMzk2MDE6MjU3MDk1OTY2NjQ3NDE0OQ/>

Besoek ons webblad: Lourensrivier.co.za / <https://www.lourensrivier.co.za/>  
Besoek ons Facebook blad: Lourensrivier SeMense /  
<https://www.facebook.com/LourensrivierGemeente/?ref=settings>  
Lifeline Youth <https://www.facebook.com/ChooseALifeline/?ref=bookmarks>  
Lourensrivier Dinamiet KIEDZ: <https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/>